# 25 *Sondag*

**SKRIFGEDEELTE: SAGARIA 4:1-7**
**FOKUSGEDEELTE: SAGARIA 4:6**

**Serubbabel vertrou: Die Gees bring alles tot stand!**

In Sagaria praat die Gees met teleurgestelde mense. Mense wat ervaar dat hulle lewe of die lewe van hulle geliefdes nie volgens plan verloop nie. Mense wat in die kerk, die land, die lewe teleurgestel is ...

Alhoewel die toestand van Juda verbeter het en hulle onder die uiters toegeeflike beleid van Sirus na Jerusalem kon terugkeer en selfs met staatshulp die tempel kon begin herbou, het dinge maar net nie lekker verloop nie. Die spanning met Samaria het bly toeneem en die werk aan die tempel het helaas tot stilstand gekom. Nou was die taak op die skouers van Serubbabel om die tempel te voltooi. Hy moes opnuut dit wat onbereikbaar was, aanpak. Daarom bemoedig en versterk die Gees hom deur hierdie visioen.

Die goue kandelaar met sy 49 ligpunte is die simboliese teenwoordigheid van God by sy volk. Hierdie kandelaar, met sy baie ligpunte, was bykans onuitblusbaar en moes besonder helder geskyn het. Terselfdertyd is dit van duursame goud gemaak, terwyl die sewe maal sewe op volmaaktheid dui.

Simbolies toon dit aan Serubbabel dat die Here se teenwoordigheid lig in die donker bring. Waar alles donker en teleurstellend vertoon, sal die lig van sy genade weer skyn. Christus is die Lig vir die wêreld wat gekom het. Menslike vermoë en krag kan nie verlossing of herlewing bewerk nie. Geen menslike (omkeer)strategie kan lewenskragtige kerke skep nie.

Die einde van ons krag is egter nie die einde van ons hoop nie: *Nie met mag en krag sal jy slaag nie, maar deur my Gees, sê die Here die Almagtige.* Te midde van enige teleurstelling kan ek en jy hierdie woorde vasgryp. Die einde van ons vermoë is dikwels die begin van die openbaring van God se krag. Wie waarlik op God vertrou, sal nimmer teleurgestel word nie.

*Sing: Psalm 42:3 (1936)*

*Ds. D (Dirk) Pansegrouw (Hoëveld)*